

# NASKOOL @ GARSIES

# INLIGTINGSVORM 2025

# GRAAD RR - 7

Naskool @ Garsies is begin in 2013 deur myself, Karen, my man, Mornè en ons 3 seuns. Hulle was toe ‘n volle 7,5 en 3 jaar oud. Nou 11 jaar later sit ek met ‘n Graad 8,10 & matriek. Ons het die naskool se deur oopgemaak met ‘n volle 14 kinders, en vandag kan ons spog dat ons aansienlik gegroei het. Die naskool is in die laaste 11 jaar al deur baie gelukkige tye asook moeilike tye. Een van ons grootste “challenges” was om deur Covid te kom in 2020, maar hier is ons nogsteeds. Alles deur Genade. En nou net soos in 2013 is ons grootste begeerte om julle waardevolste besittings op te pas asof hulle ons eie is. Ons glo dat elke kind hier die geleentheid het om net weer kind te wees so tussen deur al die huiswerk, sport en ander aktiwiteite.

By Naskool @ Garsies is ons daardie ekstra helpend hand wat elke ouer nodig het. Ons doel is om seker te maak dat huiswerk so ver moontlik gedoen en afgehandel is wanneer u kind huistoe gaan, sodat u meer tyd as gesin kan deurbring.

Ons het ‘n bekwame span personeel wat sorg dat elke kind se huiswerk met liefde, aandag en geduld voltooi word. Naskool @ Garsies bestaan uit 2 persele wat beteken dat daar meer speelplek is vir die kinders.

Naskool @ Garsies is reg oorkant die skool in Len Brown Straat. Leerlinge word by Garsfontein Laerskool se voetgangers hekkie in Len Brown Straat afgehaal en oor die straat begelei. U kind word dus nie rond gery na die naskool toe nie.

Naskool @ Garsies lê my baie na aan die hart! Ek en Tarren is altyd beskikbaar vir julle as ouers indien daar iets is wat pla. Ons hoop om ‘n lang en gelukkige pad saam julle te stap.



## Graad RR & R

## Graad RR & R Afhaaltyd:  12:30

Die Graad RR & R maats is baie opgewonde om naskool toe te kom. Hulle voel so bietjie "independent" want hulle is immers nou in die GROOT skool. Ons weet vir julle as ouers is dit ook 'n groot stap om jul waardevolste besitting in ons hande te los, maar ek kan julle egter die versekering gee dat ons baie mooi na hulle sal omsien en hulle veilig oor die pad sal neem na die naskool perseel.

Die Graad RR & R maats word by hulle wagklassie op die Gr R perseel afgehaal, en van dag een af gestruktureerd na die naskool geneem. Hulle word in 'n netjies rytjie veilig oor die pad geneem. Maats wat naskool aktiwiteite doen, word afgehaal by die betrokke klassies deur die naskool personeel. Ons Graad RR & R maats ontvang 'n heerlike middag ete en daarna kan hulle speel en ontspan. Hulle word sommer vinnig lief vir die naskool, net soos ons vir hulle word!

## Graad 1-3

## Graad 1,2 & 3 Afhaaltyd: 13:00

Al die Graad 1's word vir die eerste twee weke van die nuwe jaar, na-skool by hulle klasse afgehaal. Hulle word dan veilig en onder toesig oor die pad geneem. By die naskool kan hulle gemaklike klere aantrek, middag ete geniet en dan regmaak om 14:00 met huiswerk te begin saam met hulle betrokke naskool Juffrou. Sodra hulle huiswerk klaar is kan hulle heerlik saam met die Graad R'e ontspan indien hulle nie enige buitemuurse aktiwiteite het nie. Hulle sal ook vir die eerste twee weke tot by hulle aktiwiteite vergesel word, sodat hulle nie verdwaal nie, daarna sal hulle self na hulle aktiwiteite beweeg.

## Graad 1 - 3 (Huiswerk)

- Personeellede is behulpsaam met die doen van huiswerk.
- Ons versoek dat ouers weer hersiening by die huis doen.
- Kontroleer ook u kind se huiswerk boekie.
- Neem kennis dat **GEEN** take, arbeidsterapie werk of ekstra huiswerk by die naskool gedoen sal word vir enige graad nie.
- U kind is welkom om sy praatjie vir Juf te kom opsê wanneer hy hom oefen, maar praatjies sal nie geskryf word deur die Juf by die naskool nie.



## Graad 4 – 7

## Graad 4 - 7 Afhaaltyd: 13:35

Al die kinders beweeg by die padpatrollie oor die pad. Die padpatrollie word beman deur sekuriteits personeel wat deur die skool gereël word. Daar is wel 'n naskool personeellid wat seker maak dat almal veilig in die naskool perseel is vir die middag.

By die naskool kan hulle gemaklike klere aantrek, middag ete geniet en dan regmaak om 14:00 met huiswerk te begin saam met hulle betrokke naskool Juffrou. Sodra huiswerk volledig gedoen is, kan hulle heerlik buite of binne ontspan indien daar nie buitemuurs op hul dagprogram is nie.

Graad 4 leerders se huiswerk is heelwat meer veral omrede hulle ook met toets reekse en eksamens begin.

## Graad 4-7 (Huiswerk)

- Personeellede is behulpsaam met die doen van huiswerk.
- Ons versoek dat ouers weer hersiening by die huis doen.
- Kontroleer ook u kind se huiswerk boekie. Indien die leerder geen huiswerk neerskryf nie, sal die naskool Juf 'n lyn deur sy "dagboek" trek vir die betrokke dag en daarby teken dat geen huiswerk neergeskryf is nie.
- Studie tyd is vir leerders Graad 4 – 7. Daar sal toesig gehou word elke dag vanaf 14:00 tot 16:30. Tydens hierdie tyd kan die leerder huiswerk doen of studeer.
- Indien ouers vir ons 'n studie skedule gee vir die leerder tydens eksamen tyd sal daar seker gemaak word die leerder hou daarby.
- Ons verwag van alle leerders om hul samewerking te gee gedurende huiswerk/ studie tyd.
- Neem kennis dat **GEEN** take, arbeidsterapie werk of ekstra huiswerk by die naskool gedoen sal word vir enige graad nie.

## Huiswerk

- Huiswerk begin stiptelik 14:00.
- Die doen en voltooi van huiswerk word belangrik geag en dus moet u kind se Garsiegids daagliks by die naskool wees om huiswerk te kontroleer.
- Huiswerk word onder toesig in die klasse by tafels gedoen.
- Personeel is beskikbaar tot en met 16:30 om om te sien na kinders se huiswerk. Maats wat tot en met 16:30 aan sport deelnaam en nie voor sport huiswerk kon afhandel nie word versoek om dit asb by die huis klaar te maak.
- Ouers moet asseblief alle huiswerk na gaan.

## Ontspanning

Kinders kan na afloop van huiswerk heerlik buite speel en ontspan. Wanneer dit reën of koud is sal kinders binne in hulle klasse kan TV kyk.



Geen DVD's/ skoot rekenaars, fietse, rolskaatse of troeteldiere mag ter enige tyd, naskool toe gebring word nie.

## Buitemuurse aktiwiteite

- U kind kan aan al die buitemuurse aktiwiteite van Laerskool Garsfonetein deelneem. Kinders wat wel aan buitemuurse aktiwiteite deelneem word na die aktiwiteit geneem en dan weer daar gekry, totdat hulle gemaklik is om self te loop na die aktiwiteit en dan weer terug naskool toe.
- Maak asseblief seker dat u kind wel wil deelneem aan betrokke aktiwiteite, voordat u hulle inskryf.
- Indien ouers hulle kinders oplaai by 'n aktiwiteit moet dit asseblief gekommunikeer word aan die naskool om te verhoed dat ons na leerders soek wat reeds huis toe is.
- Enige aktiwiteite waar tye verander, gestaak of geskuif word **MOET** asseblief aan ons deur gegee word.
- Enige aktiwiteite wat verander moet vroegtydig deur gestuur word aan Tarren 076 339 3827.

## Naskool span

Ons personeel is hier omdat hulle hier wil wees. Vir hulle is kinders 'n passie en nie net 'n inkomste nie.  Hoewel dit vir ons ongelooflik belangrik is dat kinders ook tyd moet kan hê om net kind te wees, handhaaf ons 'n goeie balans tussen huiswerk, sport en speel.

## Koste en betalings

| | |
|---|---|
| Registrasiefooi: | R500 per leerder, jaarliks betaalbaar tydens inskrywing. Die registrasiefooi is nie terugbetaalbaar nie. |
| Her-registrasiefooi: | R200 per kind is jaarliks betaalbaar in November. |
| Maandfooi: | R1 560 per maand (1 Kind),<br>R2 965 per maand (2 Kinders) en<br>R4 215 per maand (3 Kinders) ongeag die hoeveelheid dae in die maand wat die leerder die naskool bywoon. |
| Jaarfooi Eenmalig: | Bedrag sal bevestig word deur die Hoof van die Naskool. Afslag indien volle jaar se naskool gelde betaal word voor of op 28 Februarie 2025. |



Dagfooi: R150 per dag vir elke dag wat die leerder die naskool bywoon.

- Naskool geld is betaalbaar oor 12 maande, voor of op die 5de van elke maand.
- 1 (een) volle kalender maand kennis moet gegee word indien ‘n leerder uit die naskool gehaal word.
- Geen kennis sal aanvaar word in Oktober om Desember maand se fooi vry te spring nie.

## Tye

- Somer maande: September tot April - 12:30 tot 18:00
- Winter maande: Mei tot August - 12:30 tot 17:45
- ‘n Ekstra fooi van R100.00 sal gehef word vir elke 30-minute wat die leerder na 17:45/18:00 by die naskool afgehaal word.

## Skool vakansie

- Skool vakansies sal die naskool oop wees van 07:00 tot 17:45/18:00.
- Die naskool sal gesluit wees vir enige “spesiale” skool vakansie dae, publieke vakansie dae en gedurende die Desember/Januarie vakansie.
- Let asb daarop dat die naskool gesluit sal wees op alle openbare vakansie dae asook op n Vrydag en/of Maandag indien die dag voor of dag na hierdie dae ‘n openbare vakansie dag is. Ouers sal vroegtydig ingelig word om die nodige reëlings te tref.
- Die naskool sluit in Desember op die eerste Vrydag, nadat die skole amptelik gesluit het tussen 11:00 en 12:00.
- Ons maak weer oop in Januarie saam met die Gautengse skole.
- Pak maar gerus vir u kind ‘n verrassing in hulle kosblik vir rondom 11:00.
- Hulle kan ook hulle eie speelgoed saambring, waarvoor **Naskool@Garsies** nie verantwoordelikheid sal neem indien dit wegraak of breek nie.
- Ons mag dalk vra vir ‘n ekstra geldjie gedurende die vakansie wanneer ons lekker goedjies doen soos om Zita Parkie toe te gaan, Roman’s Pizza koop of wat ookal anders daar beplan word op die vakansie program.



## Dissipline

Naskool @ Garsies neem kinders van verskeie ouderdomme in, Gr RR tot Gr 7. Dit is baie belangrik dat u as ouer besef dat hierdie aspek meebring dat ons baie streg t o v dissipline is ter wille van kleiner maats, speelgoed en apparaat.

Afknouery, fandalisme en disrespek word nie toegelaat nie. Die naskool moet 'n plek wees waar al ons maats tuis en gelukkig moet voel.

Daar is 'n insidente boek by die naskool waar enige insidente aangeteken sal word.

Daar word vir 2025 ook beplan om 'n kamera sisteem te installeer in die klaskamers en buite op die speelgrond.

## Etes

13:00 – 14:00 – Ligte Middag ete

16:30 – 17:00 – Verversing

Die kinders ontvang heerlike vars bunnies met gesonde "fillings" wat altyd bestaan uit protiene en/of kaas. Chicken mayo, maalvleis, ham&kaas, warmbrakkie en maalvleis vetkoeke.

Daar word een keer 'n week 'n gekookte maaltyd vir hulle gegee.

Sap word saam middag ete gegee en daar is vars water heeldag beskikbaar.

Kinders is welkom om hulle eie kosblik saam te bring.

Onthou: Middagete is nie hulle hoofmaal van die dag nie.

## Snoepie

Daar is 'n snoepie beskikbaar op die perseel elke dag. Winste sal weer vir die naskool aangewend word.

## Sekuriteit

- Ons bywonings register is 'n groot gedeelte van ons sekuriteit by die naskool.
- Stel ons asb in kennis as u kind die dag siek is of nie die naskool gaan bywoon nie.
- Stel ons ook asseblief vroegtydig in kennis indien 'n ander person u kind gaan kom optel.



## Persoonlike eiendom

- Merk asseblief u kind se skoolklere en eiendom duidelik, onthou alles lyk dieselfde!
- Indien u kind opsetlik 'n ander se eiendom, of skool eiendom beskadig of vernietig sal die vervangings- of herstel koste vir die ouers se rekening wees.

## Naskool benodighede

## Graad R - 7

- Indie julle enige ongebruikte skryfbehoeftes, inkleur boeke, lees boeke wat steeds bruik baar het wat rondlê by die huis, kan vir ons gestuur word. Ons gebruik dit in die klas en ook gedurende vakansie tye.
- Pak pleisters

## Kuier-kind/ers

- Geen kuier-kind/ers word toegelaat, teensy die dagfooi van R150.00 per kind betaal word nie. Daar **MOET** asb vooraf 'n reeling getref word met Tarren.

## Kontakbesonderhede

**Karen Grobler**

**Selfoon:** 082 224 6890

**Epos:** karen@naskool.co.za

**Tarren Stoltz**

**Selfoon:** 076 339 3827

**Epos:** tarrenstoltz@gmail.com